

DIE SLAG VAN VEGKOP

M C van Zyl

Departement Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika

Agtergrond

Twintig kilometer van Heilbron af op die pad na Lindley is daar links van die pad 'n langwerpige rant. Dit is hier waar die Slag van Vegkop 150 jaar gelede plaasgevind het toe die Ndebele-impie van Mzilikazi in Oktober 1836 'n deel van die Potgieter trek aangeval het.

Daar bestaan tans geen behoorlike beskrywing van die Slag van Vegkop nie en dit wat wel daarvoor geskryf is, verskil in 'n hele aantal opsigte van mekaar.¹ Hulle verskil byvoorbeeld oor die datum waarop die geveg plaasgevind het en selfs oor wie die Voortrekkers op die betrokke dag aangevoer het. Dat daar verskille is, is begryplik, want daar bestaan slegs 'n aantal herinneringe oor die slag en die meeste daarvan is baie jare na die gebeurtenis opgeteken. Die verslag wat die naaste aan die gebeurtenis staan, is 'n onvolledige mededeling wat Andries Hendrik Potgieter op 20 November 1836 aan Erasmus Smit daarvoor gemaak het.² Hierdie en ander bronne stel 'n mens wel in staat om 'n redelik-getroue weergawe van die Slag van Vegkop op te bou.

Die Voortrekkergeselskap onder Andries Hendrik Potgieter, wat gewoonlik op sy tweede naam aangespreek is, het in Februarie 1836 die Oranjerivier oorgesteek. In die Transoranje is Potgieter se trekgeselskap versterk toe 'n klompie families uit Colesberg onder Sarel Cilliers by hulle aangesluit het. Op 'n vergadering is Hendrik Potgieter as kommandant gekies. Dit is egter duidelik dat Cilliers se volgelinge, waaronder die jong Paul Kruger hom ook bevind het, hulle steeds onder sy leiding geskaar het.

Die trekgeselskap van Potgieter en Cilliers het noordwaarts tot aan die Sandrivier getrek. Hiervandaan het Potgieter, Cilliers en nog tien ander burgers in Mei 1836 as 'n ekspedisie vertrek om met die trek van Louis Tregardt in verbinding te tree en die binneland vir bewoning te verken.³ Die families wat agtergebly het, was verplig om met die oog op weiveld vir die groot troppe vee te versprei. Van hulle het tot aan die Vaalrivier getrek en 'n paar het selfs die rivier oorgesteek. So het Barend Liebenberg en sy mense hulle oorkant die huidige Parys bevind, terwyl Johannes

Vgl. o.a. G.B.A. Gerdener: *Sarel Cilliers, die Vader van Dingaansdag* (Pretoria, 1925), pp. 31–41; J.C.H. Grobler: "Die Slag van Vegkop" (*Kennis*, pp. 1 225–1 227); J. Kieser: "Die Slag van Vegkop" (*Gedenkuitgawe, Die Huisgenoot*, Des. 1938), pp. 81 en 83; J.H. Malan: *Boer en Barbaar* (Potchefstroom, 1913), pp. 114–118; D.C.F. Moodie: *The History of the Battles and Adventures of the British, the Boers, and the Zulus, etc., in Southern Africa*, Vol. I (Kaapstad, 1888), pp. 379–381; M. Nathan: *The Voortrekkers of South Africa* (Londen, 1937), pp. 146–150; C. Potgieter en N.H. Theunissen: *Kommandant-Generaal Hendrik Potgieter* (Johannesburg, 1938), pp. 60–67; R.K. Rasmussen: *Migrant Kingdom: Mzilikazi's Ndebele in South Africa* (Londen, 1978), pp. 120–123; E.A. Walker: *The Great Trek* (Londen, 1938), pp. 122–126. Die werk van wyle prof. P.J. van der Merwe oor die Voortrekkers en die Matebele, wat nog in die pers is, sal waarskynlik hierdie geveg in al sy besonderhede uitpluis.

2. H.F. Schoon (red.): *Uit het Dagboek van Erasmus Smit, Predikant bij de Voortrekkers*, Staatsbiblioteekherdrukke nr. 10, (Pretoria, 1967), p. 6.
3. P.J. van der Merwe: *Nog Verder Noord* (Kaapstad ens., 1962), pp. 15–17.

Botha, Hermanus Steyn en andere in die bog van die Vaalrivier ten suidweste van Parys gekamp het.⁴ Vir hulle het alles rustig voorgekom. Die wêreld was oop en onbewoon en tekens van gevaar was daar nie. En tog was Mzilikazi verontrus oor die binnekoms van die Trekkers in 'n gebied wat hy onder sy invloedseer beskou het.⁵

Mzilikazi was die seun van Matshobane, kaptein van die noordelike Khumalo wat in die huidige Natalse distrik Ngotshe gewoon het.⁶ Die Khumalo, later onder die kapteinskap van Mzilikazi, was 'n speelbal in die magstryd tussen die Ndwandwe en die Zulu. Nadat Shaka die Ndwandwe verslaan het, het Mzilikazi hom aan die Zulukoning onderwerp. Hy het sy kapteinskap behou en een van Shaka se bevelvoerders geword. By geleentheid het Mzilikazi die beeste wat met 'n strooptog afgeneem is, vir homself gehou en dit nie soos gebruikelik aan die Zulukoning oorhandig nie. Hierdie openlike uittarting van sy gesag sou Shaka nie duld nie en Mzilikazi sou sekerlik met sy lewe daarvoor geboet het as hy nie op die vlug geslaan het nie. Met driehonderd volgelingen het hy in 1823 die Drakensberge oorgesteek om in Transvaal die een stam na die ander te verower en by sy volgelingen in te lyf. Soos 'n sneeubal het sy gevolg al groter en groter geword namate dit verder en verder gerol het. In Transvaal het Mzilikazi se volgelingen bekend geraak as die Matebele, die Sotho-benaming vir vreemdelinge wat van die kus af kom. In die Ngunitaal, wat deur Mzilikazi en sy volgelingen gepraat is, is die benaming egter Ndebele.⁷ Hoewel albei benaminge gebruik word, is dit dus meer korrek om van die Ndebele te praat.

Mzilikazi vestig hom eers in Oos-Transvaal, toe aan die Vaalrivier, later in die Magaliesberge in die Pretoria-Rustenburg-omgewing, en met die koms van die Voortrekkers bevind hy hom in Wes-Transvaal, met sy militêre hoofkwartier by Mosega naby die huidige Zeerust. Teen hierdie tyd kon Mzilikazi 'n sterk krygsmag in die veld stoot. Hy was 'n magtige en gevreesde opperhoof wat in Transvaal alle teenstand die hoof gebied het. Hy wou ook die Voortrekkers uit die gebied weer. Op sy beurt wou Potgieter, indien die land hom geval, graag van Mzilikazi grond koop of ruil. Die Koranna het Potgieter egter meegedeel dat Mzilikazi reeds so welaf was dat hy nie daarin belang sou stel om grond te verkoop nie. Hulle het Potgieter ook gewaarsku om nie verder te trek nie, want Mzilikazi sou hulle gewis probeer vernietig en hulle vee afneem.⁸

Nog voordat Potgieter van sy ekspedisietog na die noorde teruggekeer het, het Mzilikazi se Ndebele aan die Vaalrivier toegeslaan. 'n Impi van 1 000 man het eers die laer van 'n geselskap jagers onder veldkornet Stephanus Erasmus om en by 21 Augustus 1836 aangeval. Erasmus en 'n paar ander jagers was nie op daardie tydstep by die laer nie en toe hulle met hulle terugkeer opmerk wat aan die gang was, het hulle dadelik die Voortrekkers aan die Vaalrivier gaan waarsku. Die Liebenbergs het nie on-

-
4. C. Potgieter en N.H. Theunissen: ... *Potgieter*, p. 51.
 5. Harris, W.C.: *The Wild Sports of Southern Africa* (Facsimile herdruk, Kaapstad, 1963), p. 292.
 6. Oor Mzilikazi vgl. P. Becker: *Path of Blood. The Rise and Conquests of Mzilikazi, Founder of the Matabele Tribe of Southern Africa* (Londen, 1962); A.G. Oberholster: "Mzilikazi" (*Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel IV (Durban en Pretoria, 1981), pp. 406–411); R.K. Rasmussen: *Mzilikazi of the Ndebele* (Londen ens., 1977) en *Migrant Kingdom ...*; N. Bhebe: "Mzilikazi c.1795–1868" (C. Saunders (red.): *Black Leaders in Southern African History*, Londen, 1979), pp. 31–41.
 7. T. Cameron en S.B. Spies (reds.): *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld* (Kaapstad ens., 1986), p. 23. Vgl. R.K. Rasmussen: *Migrant Kingdom ...*, pp. 161–162.
 8. Herinneringe van J.H. Hatting (G.S. Preller (red.): *Voortrekkermense*, Vol. I, Kaapstad ens., 1918), p. 124.

middellik op die waarskuwing ag geslaan nie, met die gevolg dat die impi hulle oorval en byna almal uitgewis het. Die ander Trekkers onder Botha en Steyn het egter op die oewer van die Vaal laer getrek en met sowat 30 weerbare mans, waarvan een gesneuwel het, die aanval afgeweer.⁹

Potgieter het die Vaalrivier 'n paar dae later bereik. Nadat hy aanskou het wat gebeur het, het hy tot die slotsom gekom dat die Ndebele weer sou toeslaan. r̄y het dus sy volgelinge opdrag gegee om hulle vir 'n botsing voor te berei en om aan die Vetrivier en by Vegkop laer te trek.¹⁰ Potgieter was reg. Mzilikazi het nie daarvan gehou dat sy krygers deur 'n handjievul burgers op die vlug gedryf word nie. Hy het sy hele krygsmag van ongeveer vyfduisend man aan sy hoofaanvoerder, Kaliphi, beskikbaar gestel om die Trekkers aan te val.¹¹ Die toneel was gereed vir die Slag van Vegkop om plaas te vind.

Die gevegsterrein en die betrokke magte

Die plek waar die laer getrek is, was uit 'n militêre oogpunt beskou, 'n wyse keuse. Dit is getrek op 'n skuinste net ten suide van die langwerpige rant wat later as Vecht Kop bekend sou staan. Vanuit die laer het die verdedigers 'n goeie uitsig oor die uitgestrekte vlakke gehad. Daarby moes die aanvallers die helling uitklim en het hulle so nog beter in die skootsveld van die verdedigers gekom. Die kop self het skynbaar geen uitwerking op die geveg gehad nie, behalwe dat dit voor die tyd nuttig as 'n uitkykpos gebruik kon word.

Al die bronne beskryf nie die presiese vorm van die laer nie. Enkeles voer aan dat die laer in die vorm van 'n vierkant getrek is met twee barrikades van vier waens elk op twee teenoorgestelde hoeke sodat al vier sye van die laer met kruisvuur bestryk kon word.¹² Hierdie vorm van laer is wel soms gebruik, maar dit kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat die laer by Vegkop sirkelvormig was.¹³ Uit 51 beskikbare waens is 40 die een voor die ander getrek sodat die voorwiel van die een wa aan die agterwiel van die volgende wa met kettings en rieme vasgemaak kon word. Behalwe vir die ingang is die opening tussen en onder die waens deeglik toegemaak met doringtakke wat vooraf gekap en met osse na die laer gesleep is. Selfs die stamme van die takke is aan mekaar vasgewoel sodat dit nie maklik verwyder kon word nie. Die ingang was groot genoeg om 'n man te perd binne te laat en kon vinnig en doeltreffend

-
9. C. Potgieter en N.H. Theunissen: ... *Potgieter*, pp. 52–56; E.W. Smith: *The Life and Times of Daniel Lindley (1801–80)*, (Londen, 1949), pp. 99–100.
 10. C. Potgieter en N.H. Theunissen: ... *Potgieter*, pp. 57–58. Vgl. G.B.A. Gerdener: *Sarel Cilliers ...*, p. 30.
 11. R.K. Rasmussen: *Migrant Kingdom ...* (p. 120), meen dat die impi ongeveer 3 000 man sterk was en aanvaar daarvoor die getuienis van die Amerikaanse sendelinge (vgl. D.J. Kotzé (red.): *Letters of the American Missionaries 1835–1838*, V.R.S. 31, Kaapstad, 1950), p. 166; hy redeneer dat die Voortrekkers “no doubt exaggerated the number of Ndebele because of their limited perspective of the situation and because of the natural desire to magnify their achievements” (n. 153, pp. 221–222). W.C. Harris: *The Wild Sports ...* (p. 140), ondersteun egter die Voortrekkergetuienis dat Mzilikazi se staande mag meer as 5 000 man getel het.
 12. Narrative of Willem Jurgen Pretorius (J. Bird (red.): *The Annals of Natal 1495 to 1845*, Vol. I, Facsimile herdruk, Kaapstad, 1965), p. 231; C. Potgieter en N.H. Theunissen: ... *Potgieter*, p. 60.
 13. Journal of J.G.S. Bronkhorst (J.C. Chase (red.): *The Natal Papers I*, Facsimile herdruk, Kaapstad, 1968), p. 75). Herinneringe van J.H. Hatting (G.S. Preller: *Voortrekkermentse I*) p. 125; W.C. Harris: *The Wild Sports ...*, p. 294; D.J. Kotze (red.): *Letters ...*, p. 166; *The Grahamstown Journal*, 29 Des. 1836; *Investigatus* — Redakteur, 1 Nov. 1836.

toegemaak word met 'n afgekapte doringboom wat vir die doel gereed geplaas is.¹⁴

Die bedoeling was om die aanvallers buite die versterkte walaer te hou, want sou hulle enigsins daarin slaag om die laer binne te dring, sou die verdedigers die aftog moes blaas. In die laer is met 'n stuk of vier tot sewe waens 'n kleiner kring, of moontlik 'n vierkant, getrek waar die vrouens en kinders kon skuil. Daar word selfs vermeld dat oor die binneruimte 'n dak van planke en velle aangebring is waaronder hulle teen werpassegaaië kon skuil.¹⁵ Die binnelaer het ook 'n verdere doel gedien — die ryperde is daaraan en aan 'n paar ander waens wat los in die laer gestaan het, vasgemaak. Los perde kon in die hitte van 'n geveg maklik paniekerig raak en so groot probleme skep. Vir die ander vee was daar nie plek in die laer nie. Hulle is onder die sorg van veewagters gelaat, wat opdrag gekry het om nie hulle lewens in gevaar te stel nie en vroegetydig die wyk te neem.

Aan Voortrekkerkant het omtrent 40 man in die vuurlinie gestaan, waaronder sewe jong seuns. Dit is ook moontlik dat van die sterker vrouens wat die skop van die swaar voorlaaiers kon weerstaan, skote afgevuur het en selfs in enkele gevalle byle hanteer het. Die meeste vrouens en kinders wat aan die geveg meege doen het, het egter gewere gelaai.¹⁶ Dit is onmoontlik om vas te stel hoeveel gewere beskikbaar was, maar dit wil voorkom of elke weerbare man oor minstens twee, maar selfs drie gewere beskik het. Dit was pangewere met boorwydtes van 12, 10, 8 en 6 en trefkrag tot op 80 meter.¹⁷ Die kleinste kaliber was dus soos dié van die bekende 12-boor haelgeweer. Voor die geveg is 10 tot 12 lopers in smal sakkies toegewerk sodat dit makliker en vinniger in die loop van die gewere afgedruk kon word. Dit word voorts vertel dat die groter koeëls, waarvan net een op 'n slag gelaai is, byna deurgesaag is in vier dele sodat dit in vier stukke kon verdeel nadat die skoot afgevuur is.¹⁸ Kruit, koeëls en lopers is vooraf oral in houers geplaas. Daar was voldoende daarvan beskikbaar.

'n Militaris het bereken dat elke man minstens vier rondtes per minuut kon afvuur. Afhangende van die aantal beskikbare gewere en die behendigheid van die laaier kon selfs meer skote per minuut afgevuur word.¹⁹ Indien dit so was, kan 'n mens verder spekuleer dat elke persoon in 30 minute 120 rondtes kon afvuur. Die 40 man by Vegkop kon dus $120 \times 40 = 4\ 800$ keer 'n skoot lopers onder die aanstormende krygers loslaat as die geveg 'n halfuur lank geduur het. 'n Skoot lopers kon ook meer as een persoon getref het. As alles so uitgewerk het, moes die verliese onder die Ndebele duisende beloop het. Dit was egter nie die geval nie, soos later sal blyk. Uit so 'n

-
14. Herinneringe van J.H. Hatting (G.S. Preller: *Voortrekkerkermense* I), pp. 126, 127; Journal of J.G.S. Bronkhorst (J.C. Chase: *The Natal Papers* I), p. 75; Narrative of Willem Jurgen Pretorius (J. Bird: *The Annals of Natal ...* I), p. 231; E.G. Jansen (red.): *Uit die Voortrekkerkertyd. Herinneringe van Louis Jacobus Nel* (Pretoria, 1939), p. 39; *The Grahamstown Journal*, 29 Des. 1836: Investigatus — Redakteur, 1 Nov. 1836.
 15. Herinneringe van J.H. Hatting, A.H. en W.J. Potgieter, en A.H. Potgieter jnr. (G.S. Preller: *Voortrekkerkermense* I), p. 126, Vol. III, pp. 4 en 18; E.G. Jansen: *Uit die Voortrekkerkertyd ...*, p. 39; Die Joernaal van Sarel Cilliers (G.B.A. Gerdener: *Sarel Cilliers ...*), p. 114.
 16. Herinneringe van A.H. Potgieter jnr. (G.S. Preller: *Voortrekkerkermense* III), p. 21; Joernaal van Sarel Cilliers (G.B.A. Gerdener: *Sarel Cilliers ...*), p. 113; Narrative of Willem Jurgen Pretorius (J. Bird: *The Annals of Natal ...* I), p. 232; H.C. Bredell en P. Grobler (reds.): *Gedenkskrifte van Paul Kruger* (Pretoria, 1947), p. 4; G. Tylden: "Vegkop, 2 October 1836: A Reconstruction" (*Africana Notes and News* 14(5), Mrt. 1961), p. 181.
 17. G. Tylden: "Vegkop, 2 October 1836: An Analysis" (*Africana Notes and News* 10(4), Sept. 1953), p. 137. Vgl. D.J. Kotzé (red.): *Letters ...*, p. 167.
 18. Herinneringe van A.H. Potgieter jnr. (G.S. Preller: *Voortrekkerkermense* III), p. 18.
 19. G. Tylden: "Vegkop ..." (*Africana Notes and News* 10(4), Sept. 1953), p. 137.

spekulasie kan 'n mens wel aflei dat die vuurkrag van 40 man te veel sou wees vir 'n paar duisend aanvallers gewapen met assegaaië.

Afgesien van die skildvel waarmee die Ndebelekryger homself teen die wapens van sy teenstander moes beskerm, het sy wapentuig bestaan uit 'n steekassegaai, waarvan hy met oorlogstyd 'n bondel van vyf tot ses gedra het. Die werpassegaai, met 'n langer steel en 'n trefkrag van ongeveer veertig meter, is normaalweg nie gebruik nie, behalwe wanneer die weerstand baie sterk was. By Vegkop het die impi wel assegaaië oor die waens gegooi, maar dit is te betwyfel of dit werpassegaaië was.²⁰

Die Ndebelekrygers is deur 'n kontemporêre skrywer geloof as "doubtless the stoutest soldiers in Southern Africa".²¹ Van die aanvoerder van die Ndebelemag, Kaliphi, weet ons min. Dat hy 'n bekwame leier en aanvoerder was, moet ons sonder meer aanvaar, anders sou hy nie tot een van Mzilikazi se vernaamste drie indoenas gevorder het nie.²² Daarby was hy 'n ervare krygsman en geskool in die taktiek wat met soveel sukses deur die Zulu gebruik is, die sogenaamde bulkopformasie — die horings omsingel en keer die vyand vas sodat die kop hulle kan vernietig.

Oor wie die aanvoerder van die Trekkers by Vegkop was, is daar 'n mate van twyfel. Dit is opvallend dat getuïenisse van persone wat onder die Cilliersgroep geval het, soos hyself en Paul Kruger, nie vermeld dat Potgieter die bevel gevoer het nie, so asof Potgieter nie teenwoordig was nie.²³ Dit is natuurlik nie heeltemal uitgesluit nie, want die Potgieter trek het nie, soos reeds uitgewys is, almal by Vegkop laer getrek nie. Nogtans, indien ander getuïenisse in ag geneem word, kan met groot mate van sekerheid aanvaar word dat Potgieter wel by Vegkop was toe die slag plaasgevind het.²⁴ Met mindere mate van sekerheid kan aanvaar word dat hy alleen die aanvoerder was. Die veiligste afleiding sou wees dat Potgieter en Cilliers oor hulle eie volgelinge gesag gevoer het, maar dat Potgieter die algemene leiding op hom geneem het. Dit is 'n ongesonde beginsel om twee aanvoerders te hê, maar die Trekkers was geen kenners van militêre vereistes nie en het by geleenthede twee aanvoerders gehad. So was Potgieter en Gerrit Maritz die aanvoerders van die strafekspedisie wat ná die Slag van Vegkop teen die Ndebele uitgestuur is, en was Potgieter en Piet Uys in beheer van die strafekspedisie wat voor die Slag van Bloedrivier teen die Zulu opgeruk het.

Hendrik Potgieter was 'n persoon met 'n kragtige persoonlikheid en natuurlike leierstalent, maar hy was ook 'n individualis, stug van geaardheid en soms hardkoppig in sy optrede. Hy was 'n man van die daad, eerder as 'n man van baie woorde, wat sy vryheid hoog aangeslaan het. Dit is dan ook begryplik dat almal nie met hierdie lang, forsgeboude, gespierde man oor die weg sou kom nie.²⁵ Sarel Cilliers, daarenteen, was 'n aangename persoon, kort van gestalte en redelik geset met 'n rooierige gelaatskleur.

-
20. Vgl. W.C. Harris: *The Wild Sports ...*, pp. 150 en 259; en G. Tylden: "Vegkop ..." (*Africana Notes and News* 10(4), Sept. 1953), p. 137.
 21. W.C. Harris: *The Wild Sports ...*, p. 137.
 22. P.L. Breutz: "Mkalipi" (*Suid-Afrikaanse Biografiese Woordboek* Deel I, Kaapstad, 1968), pp. 568—569.
 23. Joernaal van Sarel Cilliers (G.B.A. Gerdener: *Sarel Cilliers ...*), p. 114; vgl. ook pp. 31—33; H.C. Bredell en P. Grobler: *Gedenkskrifte ...*, p. 4.
 24. Herinneringe van J.H. Hatting, A.H. en W.J. Potgieter, A.H. Potgieter jnr., H.J. Potgieter, en Anna S. Coetzee (Botha) (G.S. Preller: *Voortrekermense* I), p. 127; III, pp. 4, 19 en 40—41; IV (Kaapstad ens., 1925), p. 28. E.G. Jansen: *Uit die Voortrekertyd ...*, P. 39. Vgl. C. Potgieter en N.H. Theunissen: ... *Potgieter*, p. 60, n. 1.
 25. J.J. Oberholster: "Potgieter, Andries Hendrik" (*Suid-Afrikaanse Biografiese Woordboek* I), pp. 664—671.

Sy groot bate was sy onwrikbare geloof en vertrouwe in God. Hy was van sy kinderdae af 'n Christen en het hom tydens die Groot Trek as geestelike leier onderskei.²⁶ Hy was die nie-amptelike leraar en die erkende godsdienstige leier van die Potgieter trek²⁷ en dit is moontlik die rede waarom iemand soos Paul Kruger hom as die aanvoerder by Vegkop bestempel het, want ook by hierdie geleentheid het hy die geestelike leiding op hom geneem.

Die geveg

Op die dag voor die geveg is vasgestel dat die Ndebelemag in aantog was. 'n Aanneemlike datum vir hierdie dag is 15 Oktober, want die volgende dag, 16 Oktober 1836, is die waarskynlike datum waarop die Slag van Vegkop plaasgevind het.²⁸ Die Trekkers het dwarsdeur die nag brandwag gestaan, maar die Ndebele het nie verskyn nie. Die volgende dag, die 16de, nadat Sarel Cilliers 'n gebed gedoen het, het tussen 25 en 33 burgers hulle perde opgesaal en die aanvalsmag tegemoet gery. Potgieter se bedoeling daarmee was om die Ndebele tot vredesonderhandelinge oor te haal, of om hulle met 'n magsvertoon te probeer afskrik. Toe die krygers die ruiters gewaar, het hulle gaan sit en agter hulle skilde geskuil. Potgieter het deur middel van 'n tolk met hulle probeer praat, maar die Ndebele was nie in sy vredesaanbiedinge geïnteresseerd nie. Toe hulle meteens opspring en storm,²⁹ het die burgers 'n sarsie op hulle gelos, op hulle perde gespring en in die ry hulle gewere gelaai. Toe hulle buite trefafstand van die assegaaië kom, het hulle weer afgespring om nog 'n sarsie te vuur en dan weer hulle perde te bestyg. Hierdie proses is herhaal en volgens die latere getuienis van Sarel Cilliers, wat aan hierdie patrollie deelgeneem het, het hy op hierdie wyse sestien skote op die agtervolgers afgevuur.³⁰

Toe hulle teen 12h00 die laer bereik, het die ruiters deur die opening in die laer gejaag en dit onmiddellik gesluit. Dit word vertel dat drie, maar moontlik selfs vyf of sewe burgersl by die opening verbygejaag het en eers ná die geveg teruggekeer het. Hulle het dit òf uit vrees gedoen, of anders het hulle perde buite beheer geraak. Die impi het dadelik die laer omsingel en toe buite trefafstand gaan sit. Hierdie verposing het die Voortrekkers in staat gestel om die laaste noodsaaklike voorbereidings vir die verdediging van die laer te tref en hulle gewere skoon te maak. Daar is ook tyd ingeruim vir 'n kort diens deur Sarel Cilliers. Hy het sy toehoorders gevra om op die Almagtige God te vertrou, waarna hy gebed het dat God in sy grondelose genade hulle

-
26. P.S. de Jongh: "Cilliers, Sarel Arnoldus" (*Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*), pp. 86–89.
 27. Vgl. Herinneringe van A.H. Potgieter jnr. (G.S. Preller: *Voortrekermense III*), p. 21.
 28. Vgl. G.S. Preller: *Voortrekermense I*, pp. 129–130, n. 30. 'n Ander aanvaarbare datum is 19 Okt. 1836 – vgl. R.K. Rasmussen: *Migrant Kingdom ...*, p. 222, n. 154; D.J. Kotzé (red.): *Letters ...*, P. 153, n. 5; en E.W. Smith: ... *Daniel Lindley*, p. 100.
 29. Volgens een herinnering het hulle gestorm omdat 'n senuagtige burger 'n skoot op hulle gevuur het nog voordat onderhandel kon word – R.K. Rasmussen: *Migrant Kingdom ...*, p. 121.
 30. Hieroor en oor die verloop van die geveg vgl. Herinneringe van J.H. Hatting (G.S. Preller: *Voortrekermense I*), pp. 127–131, A.H. en S.J. Potgieter, A.H. Potgieter jnr., H.J. Potgieter (*Voortrekermense III*), pp. 4–5, 19–21, 39–41, en Anna S. Coetzee (Botha) (*Voortrekermense IV*), pp. 28–29; Joernaal van Sarel Cilliers (G.B.A. Gerdener: *Sarel Cilliers ...*), pp. 113–115; Journal of J.G.S. Bronkhorst (J.C. Chase: *The Natal Papers I*), p. 75; Narrative of Willem Jurgen Pretorius (J. Bird: *The Annals of Natal ... I*), pp. 231–232; E.G. Jansen: *Uit die Voortrekertyd ...*, pp. 39–41; H.F. Schoon: *Uit het Dagboek van Erasmus Smit ...*, P. 6; W.C. Harris: *The Wild Sports ...*, pp. 294–296; *The Grahamstown Journal*, 29 Des. 1836; Investigatus – Redakteur, 1 Nov. 1836; en literatuur vermeld onder n. 1 hierbo.

tog nie in hulle nood moes verlaat nie, maar hulle, indien dit in sy raadsplan bestaan, te help om die vyand die hoof te bied. Intussen het 'n deel van die impi die Voortrekkers se vee versamel en weggedryf. Hulle het ook van die beeste geslag en verorber. Dit het nie gelyk of die impi haastig was om aan te val nie. Sommige het hulle tyd verwyd deur die lemme van hul assegaai te slyp.

Onder die klompie Voortrekkers in die laer het die spanning hoog geloop. Die vraag of die klein klompie verdedigers die duisende aanvallers sou kon afweer, was op almal se lippe. Sommige het selfs bedenkinge uitgespreek of daar voldoende ammunisie was om al die aanvallers dood te skiet. Van die vrouens en kinders het van vrees gehuil en is deur die leiers gemaan om hulle stil te gedra. Koos Potgieter kon die spanning naderhand nie meer verduur nie en het aangebied om die krygers te gaan uitlok, al sou hy sy lewe moes inboet. Hendrik Potgieter wou dit egter nie toelaat nie en het 'n rooi doek aan 'n sweepstok gebind en dit uitdagend heen en weer geswaai om die Ndebele uit te lok. Hulle het die uitdaging aanvaar en gestorm. Soos Potgieter dit 'n maand later aan Erasmus Smit meegedeel het, was die aanvallers "als Zwarte duivelen gemonteerd; en verschenen in een ontelbare menigte, met een helsch alarm-geschreeuw, slaande op hunne schildvellen als een dondergeluid uit de wolken: en vielen woedend op 't leger der witten aan; maar dezen werden door hun scheppenden en bewarenden God bijgestaan, en met dapperheid in hunne verdediging tegen dezen ... aanval ondersteund en gesterk; zoodat zij den triomf ... behielden".³¹

Die burgers het hulle vuur ingehou totdat die aanvallers omtrent dertig meter van hulle af was en toe losgebrand. Daarna het elkeen wat 'n geweer kon hanteer so vinnig moontlik geskiet. Terwyl die mans skiet, laai die vrouens die orige gewere. Die laaiery moes vinnig gedoen word. Volgens een getuie is die konvensionele manier van laai nie deurentyd gevolg nie. 'n Handvol kruis is uit die skottel geneem, by die bek van die geweer afgegooi en met 'n pluisie vasgestamp, gevolg deur 'n koeël of lopers, wat nie vasgestamp is nie.³² Die geweer word dan met die loop boontoe aan die skut oorhandig om aan te lê en te vuur. Die hoofdoel was om die aanvallers te keer sodat hulle nie die laer binnedring nie. Dit was dus nie alleen nodig om soveel moontlik dood te skiet nie, maar ook om hulle deur die geraas van die knetterende geweervuur te probeer afskrik sodat hulle die loop neem.

Teen hierdie haelbui van koeëls en lopers in het die aanvallers voortgebeur. Sommige het die waens bereik. Hulle het probeer om die waens weg te sleep en die doringtakke te verwyder ten einde die laer te breek. Hulle kon die waens egter nie meer as vyftien sentimeters verskuif nie. Ander het probeer om oor die waens en die takke te klim, of onder die takke deur te kruip. Die verdediging het gehou. Na sowat vyftien minute, of op die uiterste 'n halfuur, het die Ndebele teruggeval.

Potgieter en 'n paar man het daarop te voet die laer verlaat om hulle te daag om weer aan te val. Hierdie keer was die aanval moeiliker, want die lyke van hulle makers was in hulle pad en die stof en kruitdamp het die uitsig versper. Hulle hou hulle dan ook hoofsaaklik daarmee besig om assegaai na die laer te slinger. So erg was dit dat dit volgens een oorlewering gelyk het of 'n digte swerm sprinkane in en oor die laer getrek het.³³ Toe hulle terugtrek, so word in een herinnering vertel, merk iemand op dat sommige van die Ndebele wat op die grond lê erg sweet. 'n Lyk kon tog nie sweet nie, daarom is afgelei dat dit hulle plan was om die laer binne te dring saam met die

31. H.F. Schoon: *Uit het Dagboek van Erasmus Smit ...*, p. 6.

32. Herinneringe van A.H. Potgieter jnr. (G.S. Preller: *Voortrekermense*, III), p. 19.

33. *Ibid.*, p. 20.

burgers wat dalk weer uitgestuur sou word om hulle uit te daag. Die swetendes is dus doodgeskiet.³⁴

Na nog 'n paar halfhartige aanvalle het Kaliphi en sy krygsmag die aftog geblaas. Hoewel enkele bronne vermeld dat 'n patrollie hulle agtervolg en hulle verdere verliese toegedien het, is dit onwaarskynlik. Eers 'n dag of wat later het 'n patrollie die Ndebele agternagesit om hulle vee te probeer terugkry, maar hulle kon hulle nie inhaal nie. Die Slag van Vegkop was verby en dit was dankbare mense wat God in 'n dankdiens onder die leiding van Sarel Cilliers aangeroep het.

Die gesamentlike tydsduur van die aanvalle op die laer was seker nie veel langer as 'n halfuur nie, maar die geveg het die oggend al begin en het tot laat die middag aangehou. Die Ndebele het in die hele geveg meer as 400 lewensverliese gely. Die Voortrekkers het net in die laer ongevalle gehad. Twee burgers het gesneuwel. Hulle was Nicolaas Potgieter, 'n broer, en Pieter Botha, 'n swaer van Hendrik Potgieter. Verder was daar 'n stuk of veertien persone wat assegaaiwonde opgedoen het, waaronder Sarel Cilliers. Ook twee perde is gedood en 'n paar beseer. Dit is 'n wonder dat daar nie meer ongevalle was nie, want in en om die laer is oor die 1 100 assegaai opgetel en begrawe. Dit was natuurlik nie al verliese wat die Voortrekkers gely het nie, want al hulle vee, naamlik 100 perde, 5 100 beeste en 50 000 skape, is weggevoer. Hulle het slegs hul ryperde oorgehou. Potgieter, wat 'n vermoënde man was, het self 400 beeste, waaronder 100 trekosse, en 5 000 skape verloor.³⁵

Afloop en betekenis van die Slag

Na die geveg het die mense by Vegkop hulle in 'n benarde toestand bevind. Sonder trekosse was hulle gestrand tussen die honderde ontbindende lyke. Hulle het ook geen melkkoeie gehad nie. Eers is die lyke weggesleep, maar later het hulle die waens met behulp van die ryperde verskuif. Eindelik het Hermanus Potgieter, wat hulp gaan soek het, trekosse en koeie by sendeling James Archbell en die Rolongopperhoof Moroka verkry en so kon hulle die waens na Thaba Nchu verskuif.³⁶

Die Slag van Vegkop was 'n gevoelige nederlaag vir Mzilikazi, maar het nie sy mag gebreek nie. Die Voortrekkers het hom steeds as 'n bedreiging beskou wat uit die weg geruim moes word. Daarby wou Potgieter en sy mense graag hulle vee probeer terugkry. Dit het twee strafekspedisies tot gevolg gehad. Die eerste ekspedisie onder Hendrik Potgieter en Gerrit Maritz het in Januarie 1837 Mosega aangeval en verower, maar het weens die afgematheid van hulle perde teruggekeer sonder om die Ndebelehoofstat verder noord by Kapain aan te val. Die ekspedisie keer dus met sy buit van meer as 6 000 beeste terug sonder om die Ndebele vernietigend te verslaan. Eers in November 1837 het 'n kommando van 330 man onder Hendrik Potgieter en Piet Uys die Ndebele van Mzilikazi in 'n negedaagse veldtog so 'n nederlaag toegedien dat hulle oor die Limpoporivier gevlug het.

Die oorwinning by Vegkop het aan die Voortrekkers die nodige vertroue gegee om die stryd teen Mzilikazi verder te voer en hom met sy volgelinge uit Transvaal te verdryf. In die toekoms sou die inwoners van Transvaal, Wit en Swart, niks meer van die Ndebele te vrese hê nie. Daarmee is ook die grootste gedeelte van Transvaal deur verowering vir die Voortrekkers oopgestel. Vegkop het vir Transvaal en in 'n mate selfs vir die Vrystaat dieselfde betekenis gehad as Bloedrivier vir Natal.

34. *Ibid.*, p. 21.

35. H.F. Schoon: *Uit het Dagboek van Erasmus Smit ...*, p. 6.

36. Herinneringe van J.H. Hatting (G.S. Preller: *Voortrekkeremense*, I), p. 132; Joernaal van Sarel Cilliers (G.B.A. Gerdener: *Sarel Cilliers ...*), p. 115. E.G. Jansen: *Uit die Voortrekker tyd ...*, p. 41.